Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
18 Februarie 1979

Onderwerp: Bely jou mislukkings en volg Jesus

Lees: Johannes 21 verse 1 tot 19

Teks: Johannes 21 verse 1 tot 19

Sing: Gesang 309 verse 1 en 3
Gesang 306 vers 2
Gesang 191 verse 1, 4 en 6

"As die Evangelie van Johannes by hoofstuk 20 vers 31 afgesluit het, sou die boek 'n heel gewone einde gehad het. As hoofstuk 21 om een of ander rede nie behoue gebly het nie, sou Johannes 20 verse 30 en 31 'n perfekte slot gewees het. Ons sou nooit vermoed het dat daar nog 'n hoofstuk was nie. Maar hoe armer sou ons dan nie gewees het nie? Hoeveel minder sou ons dan nie van God geweet het nie?

"'n Mens kan hierdie laaste hoofstuk seker tipeer as die hoofstuk van die twyfelaars, want daar teenwoordig was Natánael, die man wat gesê het: 'Kan daar uit Násaret its goeds wees?' (Joh 1:47) Daar was Thomas, wat gesê het: 'As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.' (Joh 20:25) En daar was Petrus wat van Jesus Christus gesê het: 'Ek ken nie daardie man van wie julle praat nie.' (Mark 14:71) En midde in hierdie geselskap van twyfelaars het Jesus kom staan om veral aan Petrus 'n boodskap te bring.

"Petrus was 'n eienaardige mens. Die een oomblik kon hy met oortuiging verklaar: 'U is die Christus, die Seun van die lewende God.' (Matt 16:16) Om die volgende oomblik van Jesus te verneem: 'Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.' (Matt 16:23)

"Die een moment kon Petrus sê: 'Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie.' (Mark 14:29) Kort daarna moes Jesus hom wakker maak: 'Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie?' (Mark 14:37)

"Die een oomblik kon Petrus sy swaard trek om Jesus teen 'n horde te verdedig. Die volgende oomblik

het die haan gekraai as teken dat hy Jesus reeds drie maal verloën het.

“’n Mens sou kon sê dat Petrus ’n man was wat maklik gepraat het, maar nie maklik gedoen het nie. ’n Man met ’n pragtige belydenis, maar wat weggeskram het toe hy sy belydenis moes uitvoer.

“Maar Petrus het medisyne gehad vir hierdie mislukkings. Hy het ’n manier gehad om die aanklag van sy gewete te ontvlug. En dit is ’n beproefde manier waarop baie mense vandag nog aan skuldige gewetens ontkom. Hy het telkens probeer om voor God en Jesus Christus daarvoor te vergoed.

“Toe hy by Cesarea-Filippi misluk het toe Jesus vir hom gesê het ‘Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok’, het hy probeer kompenseer. Hy het aangebied om op die berg van verheerliking drie hutte te bou: ‘… as U wil, laat ons hier drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en een vir Elía.’ (Matt 17:4)

“Toe hy in Getsemané na sy mislukte waakpoging wakker geword het, het hy die oor van die dienskneg van die hoëpriester met sy swaard afgekap. (Joh 18:10)

“Hy het ook angstig gewag om te vergoed nadat hy Jesus drie maal verloën het. Hy het versoening gesoek en was haastig om by Jesus te kom. Die kans het gekom toe hulle op Jesus se bevel ’n menigte visse gevang het en hulle Hom herken het. Toe het Petrus in die water gespring om eerste by Jesus te wees. Petrus se oplossing vir sy tekortkominge, net soos vele na hom, was: Vergoed, stel reg en soek vrede. Die remskoen in Petrus se geloofsgroei was sy onvolwassenheid.

“Só probeer ons ook om ons gebreke te bowe te kom. Want solank ons lewe, sal ons probeer om ons mislukkings te verberg en toe te smeer; en ons letsels weg te steek. Ons doen dit ook in ons verhouding met God.

“Maar intussen weet ons dat God nie vra om regstelling en vergoeding nie, maar dat ons moet groei in ons verhouding met Hom. Ons moet geestelik volwasse word. Ons moet groei om meer soos Jesus Christus te word. Maar solank ons nog toesmeer, krake regmaak en probeer vergoed, kan daar geen sprake van vooruitgang wees nie. Dan sal ons aanmekaar bly opstaan en val; maar tot loop en wandel sal dit nie kom nie.

“En juis daarom het Jesus daardie môre ’n afspraak met Petrus gehad. Want Hy het ’n belangrike werk vir Petrus gehad. Hy moes voorgaan in Jesus Christus se Kerk en sy skape oppas.

“Jesus se deursoekende vraag aan hom was: ‘Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?’ (Joh 21:15)

“Petrus se reaksie was sekerlik: Het ek dan nie in die water gespring ter wille van Jesus nie? Het Jesus dit dan nie gesien en verstaan nie?

“Ja, Jesus het gesien en verstaan en juis daarom het Hy niks gesê nie. Want Hy het nie gekom om na ’n vertoning van skuldkompensasie te kom kyk nie, maar om met Petrus te praat. Hy wou Petrus tot volwassenheid lei. En vir daardie doel het Jesus hom ’n kort maar baie effektiewe terapie teen sy onvolwasse optrede gegee. Hy het drie maal ’n dringende vraag, elke keer effens anders, aan hom gestel:

“‘Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?’ Het jy My werklik liewer as die ander twyfelaars hier? Het jy My liewer as wat Natánael en Thomas My lief het? Is dit so, dat al sou die ander My verlaat, dat jy nog by My sal bly? Is dit so dat jy selfs in die gevangenis en die dood, saam met My sal gaan? Dit was dringende vrae. Jesus wou hom lei tot ’n lewensbelangrike ontdekking. Hy wou hê dat Petrus sy mislukkings moes bely.

“Maar Petrus het die vraag ontwyk: ‘Ja, Here, U weet dat ek U liefhet’. (Joh 21:15) Maar Jesus het aangehou om die vraag te stel, totdat Petrus gesê het: ‘Here, U weet alles’. (Joh 21:17) U weet van my liefde, maar U weet ook van my mislukkings.

“‘Petrus het bedroef geword’. (Joh 21:17) Dit was ’n belydenis waarin hy homself voor Jesus en sy mededissipels blootgelê het en sy foute erken het. Dit was pynlik om homself naak voor hulle te stel.

“Petrus het hier ’n groot waarheid omtrent ’n groeiende geloof geleer, naamlik: Ontvlugting en kompensering is nie ’n oplossing vir mislukking nie. Die oplossing is om dit te bely. Asook om te besef dat dit nie geloofsmislukking is nie.

“Wat Jesus hier vir Petrus geleer het, geld vir alle groei tot geestelike volwassenheid. Geestelike volwassenheid beteken om te bely en te erken dat jy gefaal het. Geen geloof kan tot volwassenheid kom in ’n siek gees nie. En daarom het Jesus die probleem by die wortel aangepak: Bely jou mislukkings.

“Dit is pynlik! Maar watter geboorte is pynloos. Want saam met hierdie belydenis is die nuwe mens besig om in my gebore te word. Jesus soek na die positiewe in ons lewens. Hy wil ons die negatiewe dinge vergewe, as ons gewillig is om dit te bely. Maar

belydenis alleen is maar nog net ’n voorbereidende stap tot geestelike volwassenheid. Wat nodig is, is dit wat Jesus in elkeen van sy volgelinge soek: Het jy My lief? Wil jy my tog dien?

“Jesus soek nie onfeilbare mense nie, maar Hy soek ook nie mense wat vir Hom hutte wil bou, of ander se ore afkap nie.

“Ons hoef nie vir God bang te wees nie. Ons hoef nie ons mislukkings toe te smeer nie. As jou hart jou veroordeel. Dit wil sê, as jou hart jou wil bang maak vir God, bang maak deur jou wys te maak dat God jou gaan straf weens jou mislukkings, moet jy jou sonde bely en Jesus Christus volg: ‘… en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God’. (1 Joh 3:19-21) God weet dat jy Hom nog liefhet en dit is al waarvoor Hy vra.

“As ’n mens bang is vir God, is daar fout met jou liefde vir God. Jesus het telkens gevra: ‘Het jy My lief?’ Johannes het dit só opgeteken: “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.’ (1 Joh 4:18)

“En wat van my mislukkings? Wat daarvan as die haan weer kraai? Wat van die Simon in my? Ook hierdie vraag het Jesus vir Petrus geantwoord, toe Hy gesê het: ‘Volg My.’ (Joh 21:19)

“Hierdie pad weg van mislukkings en kompensering na geestelike volwassenheid, loop langs ’n spesifieke roete. Dit gaan agter Jesus aan! Volg My, want dan lei Ek jou na God se vergewende liefde. Want Hy is liefde. Volg My, dan lei ek jou na sekerheid. Want dan alleen kan ek seker wees dat geen mag in hemel en op aarde, ook nie my eie mislukkings, my ooit sal kan skei van die liefde van God wat daar in Jesus Christus is nie.

“‘Volg My’ is die voorwaarde. En Jesus se pad loop kruis toe. Daar het Hy ons sonde op Hom geneem. Daar moet ons ook gekruisig word. Wie val en wie misluk moet nie probeer om toe te smeer nie, maar moet bely en sy kruis opneem en agter Jesus aan kom.

“Wat bely is, is vergewe. Dan is die pad vorentoe: ‘Laat my skape wei.’ ‘Volg My.’ Hierdie pad lei na volwassenheid in Jesus Christus, waarin God alles in almal sal wees. Die Evangelie lei ons uit na volwassenheid.

“Amen.”